Verwysing: 20170303-8814
12/17/9
Navrae: T Cloete

Inrigtingshulpbrononderssteuningsminuut: 0001/2017

Aan: Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Kringbestuurders, Hoofde: Kurrikulumkoördinering en -advies, Vakadviseurs, GLOO-personeel en Prinsipale en Voorsitters van Beheerliggame van openbare primêre en sekondêre skole

Onderwerp: Viering van Suid-Afrikaanse Biblioteekweek 2017 binne die WKOD

1. Die Departement van Kuns en Kultuur, in oorleg met die Biblioteek- en Inligtingsvereniging van Suid-Afrika (LIASA), het verklaar dat Suid-Afrikaanse Biblioteekweek (SABW) 2017 vanaf 18 tot 26 Maart 2017 met die tema "**My Biblioteek, Jou Biblioteek**" gevier sal word.

2. Die tema motiveer en moedig lede van ons gemeenskap aan om oor die rol en waarde van biblioteke in hul lewens te besin.

3. Die tema moedig ook almal aan om te besef dat biblioteke voorkeur-een-stop-, sosiale inklusiewe ruimtes vir die bevordering van geletterdheid deur die intellektuele en estetiese ontwikkeling van alle ouderdomme is.

4. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) moedig skole aan om aan die nasionale LIASA-kompetisie deel te neem deur die volgende te doen:

   Ná SABW, vertel ons asseblief wat u beplan het en of die beplande aktiwiteite suksesvol was en kom só in aanmerking om 'n verrassingspak, wat deur **Wiley** geborg is en by u naaste Van Schaik-winkel afgehaal kan word, te wen. Skryf asseblief elektronies in en beantwoord die volgende vrae (**hierdie vrae sal u ook met die beplanning van u geleentheid/aktiwiteite/uitstalling help**):
   - Beskryf wat u **vir SABW 2017 beplan** het.
   - Wat was die **mikpunte** van u beplande geleentheid/aktiwiteite/uitstalling?
   - **Wie was u teikengehoor en wat was die impak** van u SABW 2017-aktiwiteite **op hulle**?

- Was u beplande SABW 2017-geleentheid/aktiwiteit/uitstalling **suksesvol**? Hoekom is u van mening dat die beoordelaars u biblioteek vir die prys moet oorweeg?

Baie belangrik: E-pos asseblief **minstens 4 hoëdefinisiefoto's** na Liasamaig@gmail.com.

Sluitingsdatum van die kompetisie: Maandag, 03 April 2017
Skryf elektronies in: https://goo.gl/forms/wSBuFXyVjINs9MqH3.
Navrae: Elsabé Olivier via elsabe.olivier@up.ac.za

Die wenners sal gedurende die week van 10 April 2017 telefonies of via e-pos in kennis gestel word. Voorspoed en geniet u aktiwiteite!

5. Die volgende distriksamptenare kan in verband met skoolbiblioteekdienste gekontak word:

Faith Lawrence	Skoolbiblioteekadviseur: Onderwysdistrik Weskus	tel. 021 860 1562
Janine Ontong	Skoolbiblioteekadviseur: Onderwysdistrik Kaapse Wynland	tel. 023 348 4657
Carol van der Heever	Skoolbiblioteekadviseur: Onderwysdistrik Metro-Suid	tel. 021 370 2084

6. Na aanleiding van versoeke van opvoeders om skoolbiblioteekadvies, kan die volgende EDULIS-personeellid in Kuilsrivier gekontak word:

Timothy Cloete	Koördineerder: Skoolbiblioteekdienste	tel. 021 957 9626

GETEKEN: HA LEWIS
WAARNEMENDE ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: ONDERWYSBEPLANNING
DATUM: 2017-03-08